Kids@InVia Young Teens

# Ons droom dat ...

- elke kind by InVia sal **weet EN ervaar hoe geliefd en spesiaal** hy of sy is - vir God, sy ouers (en ook vir Invia);
- ons nie net kennis van God oordra nie, maar dat elke kind op 'n kreatiewe en FUN manier van God leer en Hom ook só sal beleef.
- bewus sal raak van God **IN hul lewens, IN mekaar en IN die natuur.**

## Kids@Invia: 2 Jaar tot Gr. 4

Ons probeer om elke Sondag ons tyd saam met die kinders te spandeer deur speletjies, arts & crafts, belewenisse, natuur, bak en brou en dan 'n lessie op 'n ouderdoms gepaste manier vir hulle oor te dra en sodoende prakties te maak vir hulle om dit deel te maak van hulle daaglikse leefwyse.

### TEMAS:

Kwartaal 1 se tema: Braafheid. Ons kyk na Bybelfigure soos Josef, Ester, Moses, Petrus en Jesus en sien hoe God hulle braaf gemaak het om die verskillende uitdagings van ons lewens te hanteer.

**Om deel te word van die Kids@InVia Whatsapp-groep of meer te weet van Kids@InVia, kontak gerus vir Larné 071-362-1090 | humanlarne@gmail.com**

## YoungTeens@Invia: Gr. 5 - 7

By die Young Teens maak ons meer tyd vir gesprekke oor dinge en vrae wat vir hulle van belang is en hulle aktiwiteite is bietjie meer 'challenging'. Stilte en meditasie speel 'n kernrol in die kinders se ervaring van God.

### TEMAS:

Ons is die **YOLO groep**! Yolo is sommer ons spesiale "slogan"(you only live once) vir die Graad 5-7 groep. Ons sien baie uit na op 'n opwindende jaar wat voorlê vol pret en verhouding bou!

Om deel te word van die YoungTeens@InVia Whatsapp-groep of meer te weet. kontak gerus vir Chrislie by 073-646-7566 | chrisliedreyer@gmail.com

Ons tema vir die jaar is **“God se boek van Wêreldrekords”** en ons gaan die Bybel as riglyn gebruik om God se “rekords”, wonders en Sy grootheid raak te lees en leef. Met relevante onderwerpe gaan ons kyk hoe Hy steeds vandag rekords breek, betrokke is in ons lewe en in die wêreld om ons en ons gaan ons verwonder aan Sy grootheid.

SnapScan

REGISTRASIEFOOI PER JAAR = R300 DONASIE PER KIND (MAAR ALLE KINDERS IS ALTYD WELKOM!)

Vir meer inligting oor ons kinderbediening besoek gerus **www.invia.org.za/kids**

Vir finansiële ondeursting, of donasie vir registrasie gebruik die verwysing: **Kinderkerk** of **KIDS**

# HOËRSKOOLBEDIENING | VALLEI

**Ons nooi tieners** om bewus te word van God se teenwoordigheid in hulle alledaagse lewens. Bergskool help jongmense om ’n belangrike oorgang te merk. **Vallei is die ruimte tussen hierdie oorgange.** Ons ontdek saam hoe tieners **kontemplatiewe praktyke** kan toepas waar hulle is.

**Deon is ook deur die week beskikbaar vir individuele gesprekke en kuiers met tieners.** Daar sal ook van tyd tot tyd spesiale geleenthede wees wat ons help om ons pad in die Vallei te vind.

## Bly op hoogte van wat gebeur by Vallei..

**Kontak vir Deon om deel te word van dieWhatsapp-Groep: 082-464-7897 | deon@deonmeiring.co.za**